Heilbron
Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 4 Deel 110
VRYDAG - 1 FEBRUARIE 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

TATA HEILBRON

VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!

TATA HEILBRON

2300 sakkies teer afgelaai

Daar is hoop op die horison vir motoriste wat moet links en regs swenk om al die slaggate in Heilbron mis te ry.

Ngwathe Munisipaliteit het sowat 2300 sakkies teer aangekoop in 'n poging om die paaie meer rybaar te maak.

Daar is reeds verlede jaar begin om die toegangsroete na Phiritona te herstel en die werk aan die paaie rondom die gemeenskapsaal word ook voortgesit. Daarna is Piercestraat geïdentifiseer en Sandersville se hoofroetes gaan ook 'n beurt kry.

Mnr Jones Mofokeng (tweede van regs), voorman van Paaie en Stormwater, staan hier by die eerste besending van teer wat Woensdag ontvang is. Die gate gaan hierdie keer eers uitgesny word en dan met S660 emulsie gevul word voordat dit met die teer opgevul gaan word.

VEEDIEFSTAL HULPLYN bied ondersteuning

Veediefstal neem landwyd met kommerwekkende gevolge toe. 'n Veediefstal Hulplyn is van vandag af beskikbaar om gevalle by aan te meld. Hierdie inisiatief sal veral help met die voorkoming van insidente, soos berig is in verlede week se koerant, waar konstabel Moiketsi veediewe gehelp het.

Die RPO Vrystaat en Vrystaat Landbou (VL), in samewerking met die NWKV Vrystaat begin op 1 Februarie 2019 met die Veediefstal Hulplyn loodsprojek wat deur Mientjie Kok bedryf sal word vanaf 08:00 tot 13:00 daagliks, Maandae tot Sondae. Hierdie organisasies befonds die projek en borgskappe word ook ingewin.

Wanneer 'n landbouer 'n veediefstal voorval het, moet hy/sy die SAPD kontak (naaste polisiestasie) om die misdaad aan te meld. Die SAPD uniformtak lid moet die toneel besoek. Nadat die SAPD geskakel is, skakel die landbouer die Veediefstal Hulplyn by 0861 999 300 waartydens Kok die A1 verklaring telefonies sal afneem.

Die verklaring word per e-pos na die klaer teruggestuur om seker te maak al die feite is korrek, waarna die landbouer 'n uitdruk maak van die e-pos verklaring.

Die verklaring word in die teenwoordigheid van SAPD geteken en beëdig wanneer hul op die toneel opdaag.

Alle oproepe word opgeneem vir kwaliteitskontrole doeleindes.

Indien die klaer inbel en die Veediefstal Hulplyn is beset kan hy/sy solank 'n whatsapp boodskap met sy persoonlike besonderhede (naam, van, plaasnaam, tel nr en foto van brandmerk sertifikaat) stuur aan 079 524 5040. Neem asseblief kennis dat hierdie nommer nie oproepe ontvang nie. Andersins kan 'n stemboodskap of e-pos met u kontakbesonderhede gelos word. Die e-pos adres is vee@vslandbou.co.za. Kok sal u dan terugskakel sodra die ander oproep klaar is.

Kok gaan die Veediefstal Hulplyn vir die volgende drie maande alleen beman, waarna dit moontlik uitgebrei kan word met meer mannekrag, afhangend van die behoefte vanaf landbouers se kant.

Die Veediefstal Hulplyn sal die RPO en VL (georganiseerde landbou) in samewerking met SAPD en Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) in staat stel om die impak/omvang van die eiendomsverwante misdaad te bepaal, asook maniere om dit effektief te bekamp, in samewerking met boerdery gemeenskappe. Die projek ressorteer onder Dr Jane Buys.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

BKB Louwid

Vasvrae by die Dienssentrum

Hierdie week se program by die Heilbron Dienssentrum is geopen deur pastoor Caryl Loots. Die program het bestaan uit 'n vasvrae waaraan twee spanne deelgeneem het. Gelukkig of ongelukkig, die spanne se eindtotaal het gelykop geëindig.

Aandag alle Fynproewers

Die Heilbron Fynproewersgilde se eerste byeenkoms vir 2019 vind vanaand plaas.

Dit beloof om 'n aand propvol verrassings te wees!

Lietsjie-yskastert

BESTANDDELE

Kors
- 200g tennisbeskuitjies
- 80ml botter

Vulsel
- 160g lietsjiejellie
- 250ml vars room
- 385g kondensmelk
- 312ml kookwater
- 375ml ongegeurde jogurt

Bolaag
- 420g ontpitte lietsjies
- 20ml mielieblom
- 30ml suiker

METODE

Kors: Kap die tennisbeskuitjies in die voedselverwerker tot fyn. Smelt die botter en roer dit by die beskuitjiekrummels. Druk dit op die bodem van ‘n tertbord met 'n deursnee van 24cm wat met botter op die bodem gesmeer is.

Vulsel: Roer die kookwater by die jelliepoeier terwyl dit aanhoudend geroer word tot opgelos. Laat eenkant om af te koel. Klits die room met ‘n elektriese klitser tot amper styf. Roer die jogurt by die room in en roer tot gemeng. Meng die kondensmelk by die afgekoelde jelliemengsel en roer die jogurtmengsel tot gemeng. Giet die mengsel in die tertbord en plaas in die yskas om te stol.

Bolaag: Giet die hele inhoud van die blikkie lietsjies en roer die suiker by. Meng 'n bietjie van die vloeistof by die mielieblom en roer tot 'n gladde pasta. Verhit die lietsjiemengsel tot warm, giet die mielieblompasta by en roer tot die sous verdik het. Verwyder van hitte. Laat 'n bietjie afkoel en skep dit bo-op die tert. Plaas in die yskas tot gestol.

Briewe aan: *Die Redakteur*

Die volgende skrywe is ontvang van Elsie le Grange gerig aan die Redakteur.

Enigste huis in Sandersville sonder krag.

Waarom, hoekom en vir wat? Ek is die eienares van huis nommer 4 in Sandersville. My RDP huis is seker nou al vir meer as drie jaar klaar gebou, terwyl ek nou nog sonder krag tevrede moet wees. Al die ander RDP huise se krag is lankal iets van die verlede. Ek is moedeloos en sit op moed verloor se vlakte. My kuite het al spierverrekkings of sal ek dan nou sê krampe ontwikkel van al die op en af munisipalekantore toe. En dit vir niks. Mnr Ashley Matroos is ‘n groot ANC verteenwoordiger by wie ek ook al baie gaan kla het, maar dit alles tevergeefs. My woorde val op dowe ore. *Empty promises*! Dit is natuurlik baie lekker vir hom om *on* en *off* te kan *switch,* terwyl ek met 'n Mbaula vuur tevrede moet wees. Potte swart gerook. Die krans hou ek nou al vir jare. Miskien sal bobbejaan my kom verlos. Mnr Matroos jy sit in die stoel van gerus nadat ek vir die ANC gevote het. Dit is ook een van die redes waarom jy daardie posisie beklee. Hoeveel keer het ek nie nou al by jou gaan kla nie, maar sonder enige *response*. Jy ontwikkel nou selfs al 'n boepie van al die lekker lewe, terwyl ek met die gemors moet tevrede wees. Ek het gehoop en vertrou dat jy jou sout sal werd wees, maar ek het my misgis. Is dit wat jy nou *service delivery* noem. Ek moet natuurlik met 'n kerslig tevrede wees. Ek stap binnekort oor na die DA waar ek miskien sal hulp kry. Onthou die ANC kan met een stem verloor. Ek het my oë opgeslaan na jou toe en nie na die berge, maar dit is die bitter pil wat ek moet sluk. Toe trek op jou sokkies en wys my jy is 'n staatmaker. Die wit munisipale lorrie ry af en toe verby my huis net soos jy met jou blink ANC motor. Miskien sal van ons ANC inwoners na my kragaansluiting kan skreeu, “Hoera vir Ashley”! Dit is ook die groot vraag, wanneer? Siek en sat van Sandersville.

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033
E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

Skenk jou skryfbehoeftes

Maak 'n verskil

Dit is Januarie en die skooltasse is reeds netjies gepak, propvol nuwe skryfbehoeftes om die nuwe skooljaar aan te pak. Vir talle gesinne is hierdie tyd van die jaar egter 'n groot bekommernis wanneer kinders, sonder die nodige skryfbehoeftes, benoud en skaam skool toe moet gaan. Saam kan ons egter 'n verskil maak en seker maak elke leerder begin die jaar met groot opgewondenheid!

Office National loods 'n nasionale projek waar skryfbehoeftes geskenk kan word aan minderbevoorregte leerders.

Bring jou ou potloodsakkie met vergete penne, potlode en meer om jou bydrae te lewer. Donasies word ook verder beloon met groot pryse vir skole en leerders wat deelneem. Neem 'n foto van jou donasie en plaas dit op sosiale media met die #ONmystationerypledge merk. Herald Office National sien uit om saam met jou 'n verskil te maak! #ONmystationerypledge



18de Vegkop Grasren

9 Februarie 2019

Nog net 'n week om te wag vir die 18de Vegkop Grasren! Sorg dat jy 9 Februarie op die Vegkopterrein in Heilbron is om in die pret te kan deel. Hierdie jaar word daar weer 'n rekord getal deelnemers verwag saam met die talle uitstallers wat die dag gaan meemaak. Die omgewing is soos elke jaar pragtig, ten spyte daarvan dat die veld nog nie heeltemal groen ingekleur is nie - daar word wel reën voorspel en dit kan sorg vir 'n lekker nat grasren. Die dag gaan vol opwinding wees, met baie pryse op die spel. Slegs voertuie sal die tradisionele roete hierdie jaar volg. Die wegspring is vanaf 08:00 tot 11:00 en die 4x4's sal ook gebruik maak van bogenoemde roete. Daar sal aan die hindernisse deelgeneem kan word op die Vegkopterrein - vanaf 08:30. Alle motorfietse vertrek vanaf 07:00 op roete wat slegs vir motorfietse uitgelê is. Die roete strek ongeveer 30 tot 35 kilometer en deelnemers kan soveel rondtes ry soos wat hulle wil. Die laaste rondte sluit om 11:00. Daar sal 'n Zero-zone pitstop wees wat behartig word deur Yamaha, Honda en SMR. Coke sal ook verversings voorsien en besoekers sal 'n uitkykpunt by die pitstop kan geniet. Die Quater Mile was natuurlik 'n groot sukses in 2018. Dit begin hierdie jaar stiptelik om 12:00. Moet dit nie misloop nie! Die prysuitdeling begin om 16:00. Sorg dat jy vroegoggend op die terrein is vir registrasie van deelnemers wat om 06:00 begin.

Surina, meer bekend as Flooze, tree gedurende die dag as gaskunstenaar op, en weer na die prysuitdeling. Daar sal baie kosstalletjies en verversings op die terrein beskikbaar wees - 'n kontantkroeg, De Vry Distillery en Van Loveren se Slush Puppies. Standard Bank sal 'n ATM op die perseel hê vir diegene wat kontant benodig.

Loer gerus op die Facebook-blad, Vegkop Rally 2019 vir meer inligting. Gaan plaas ook jou gransren foto van die dag op die @vegkoprally Facebook-blad en staan 'n kans om met 'n prys weg te stap. "Tag" jouself en vra jou vriende om jou foto te gaan "like". Die foto met die meeste "likes" sal 'n prys ontvang. Die kompetisie sluit Donderdag 14 Februarie 2019 om 08:00. Die prys is nie verruilbaar nie.

Foto's

As klein dogtertjie in die skoolkoshuis het ons altyd dieselfde vrae gevra. Die soort vrae waar jy darem eers jou antwoord kan formuleer, en wanneer dit (dalk, eendag) gevra word, het jy 'n modelantwoord.

EEN DAARVAN IS WIE DIE BELANGRIKSTE IN DIE KOSHUIS IS: die matrieks of die laerskoolkinders. Die antwoord moes wees dat ons almal ewe belangrik is, maar dan maak dit ook saak wie presies die vraag gevra het, want na aanleiding daarvan, kan die antwoord verander.

'n Ander vraag was: Wat sal jy eerste gryp wanneer jou huis aan die brand raak?

Die modelantwoord (in daardie jare) was natuurlik die Bybel. Wat ek nooit gedink het 'n regte antwoord was nie. Ja, dit was 'n behoorlike antwoord, en mense het goedkeurend geknik wanneer jy dit sê. Baie edele gedagte.

Ek het baie kere gevoel dat daar ander dinge is wat belangriker is om te red as my Bybel. Ek kon nog tweehonderd Bybels aankoop, en ek glo, wanneer ek niks meer het nie, iemand vir my ten minste een Bybel as geskenk kon gee.

En in elk geval staan dieselfde skrifgedeeltes in dieselfde uitgawe Bybel. Een gaan net meer nuut wees as 'n ander. Dalk was dit die sentiment daaraan wat die "waarde" daarvan verhoog. Ek weet nie.

Toe ek dit eendag noem dat ek nie my Bybel gaan gryp nie, het my maats my aangekyk asof ek 'n ketter is. Nee, sies, mens vat jou Bybel en basta. Bybels moet gered word. Bybels is die kosbaarste besittings.

O, nee. Hierdie ketter dink nie so nie.

EK WOU FOTO'S RED.

Natuurlik het ons in daardie jare (ek klink nou oeroud) nog nie selfone gehad nie. Kameras was daar volop, maar dit het die prys van 'n speenvark gekos om die foto's te ontwikkel. En dan was daar geen waarborg dat die foto's mooi en in fokus was nie. Die mense op my ma se foto's was gewoonlik kop-af. Of ten minste helfte van die afkoppe. Dalk was daar ook 'n baie deurmekaar agtergrond sodat dit lyk asof daar goeters uit die model op die foto se ore groei.

Dalk was die foto oorbelig of onderbelig, en jy moes maar wag totdat die film ontwikkel was voordat jy dit kon sien. Aanvanklik moes jy al die foto's koop. Later van tyd kon jy kies watter foto's jy wou aankoop. Maar op sy beste was baie van daardie foto's nie skougehalte nie.

Maar ek wou dit nog steeds red.

Toe my ma onlangs na die aftreeoord toe getrek het, het ons haar groot sak vol foto's saamgevat. Sy moes dit uitsorteer.

Een aand bel sy my: "Jy was darem my ou mooi dogtertjie," sê sy tranerig. Toe ek die foto sien, wil ek so half met haar saamstem. Poniesterte en kleuterwangetjies wat teruglag vir my.

VERLEDE WEEK GAAN SIT EK VIR DRIE URE BY HAAR, EN ONS TWEE KYK NA DIE OU WIT-EN-SWART FOTO'S. Hulle dateer van donkiejare af. Ek wou net 'n handvol foto's hê wat ek kan gaan raam, maar om 'n paar uit te soek, sien ek, is onmoontlik.

Daar is drie foto's van my gryse ou Moeder: die eerste een is geneem in 1946 (sy vertel my dat sy die vorige dag haar klere gestryk het, en toe die strykyster onder lopende water gehou. Die stoom het haar arm blase gebrand.) Sy was toe 10 jaar oud. Die volgende een is toe sy 18 was, en daarna toe sy 21 was. Mooi vrou. En met elke foto vertel sy my van die klere wat sy aangehad het: hierdie rokkie het sy self gemaak, daardie bloesie se kant het sy met die hand vasgewerk.

EN DAN RAAK SY TRANERIG…

Sy tel 'n foto van my pa op, dis seker so by 1950 geneem: hy moes dalk amper 18 jaar oud gewees het.

"Sjoe, pa was darem 'n mooie man!" Ek kan die liefde in haar stem hoor.

My pa lag terug uit die foto uit. Sy silwer hare, waarmee hy voor sy dood gespog het, was donkerbruin, krullerig en met 'n amperse middelpaadjie gekam. Dit het sulke mooi golwende krulle op sy kop gelê.

Daar is foto's waar my ma en my pa saam teen 'n rots leuen. My ma kan nog onthou waar die foto geneem is. En dan is daar die troufoto's: 9 April 1955. My pa het 'n donker pak met 'n wit hemp aangehad. Strikdassie en spierwit handskoene. My ma het 'n wit kanttabberd aan. Haar langmoue maak 'n punt op die bokant van haar hand. Hulle sny swierig aan 'n drielaagtroukoek. Oupas en oumas staan langs die pasgetroude paartjie en besluit of hulle wil glimlag of nie.

DAAR IS FOTO'S VAN MY BOETIES AS BABAS (EK KAN NIE GLO DAT HULLE KLEIN WAS NIE, HULLE IS AL ALBEI OUER AS 55. Oudste boetie het Ouma Meelbolmelk gedrink. Hy sit met sy bolwange langs die blikke wat in 'n groot toring opgestapel is.

Ander foto's wys die twee trotse boeties by hulle swart dikwielfietse, op pad skool toe.

Daar is 'n klein foto'tjie van die twee boeties wat elkeen met 'n hondjie in die hande staan, en in die middel is my sussie. Daar was nie nog 'n hondjie vir sussie nie. Toe hou sy maar haar pop vas.

Op 'n paar foto's staan ek en my sussie: in een foto het ons altwee ons swemklere aan en ons lag oopbek van die lekkerte. Op 'n ander foto staan die hele familie: pa, ma, twee boeties en twee sussies. Ek was weliswaar baie klein en dra nog doeke, maar is klaarblyklik baie tevrede met die fotosessie. Die twee boeties trek gesigte vir die fotograaf. Ek kan net dink wat my pa se reaksie was toe hy die twee stoute gesigte op die foto sien.

Is daar enige iets op aarde wat 'n herinnering so kan vasvat soos 'n foto? En wanneer dit nog 'n ou swart-en-witfoto is, skep dit 'n ouwêreldse verlange na 'n tyd lank, lank gelede.

Toe ons geliefdes nog langs ons kon staan, voordat hulle aardse plekke leeg geraak het.

Gelukkig het ek foto's om my te herinner aan watter lekker maats ek en my sussie was, al is sy al 15 jaar in die hemel. En om my te herinner aan my pa se lewenslesse, al is hy 'n nuwe intrekker in die hemel.

Koester jou foto's, dis 'n deel van ons lewe wat vertel van ons liefde vir mekaar, ons vreugdes en ons hartsmense. Wat gaan jy gryp as jou huis afbrand? (Jy mag maar sê jou selfoon. Gebruik die verskoning dat jou selfoon ook baie foto's op het…)

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE
Sondag: 09:30 Erediens (Doop)
Sagte kollekte / Kleuterkerk / Deurkol: TOIBO
Kategese / Blok 1

NG SUID
Sondag: 09:30 Erediens

GEREFORMEERDE KERK
Sondae: 09:30 Erediens
Kol: Dankbaarheidsfonds / Katkisasie: Les 3
Diensbeurte: Wyk 2 & 3

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72
Sondae: 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
Sondag 10:00 Erediens (Heilbron)
Deurkollekte DVB / VBO Les 3
Skinkbeurt Groep 2

METHODIST CHURCH
Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA
Sondag 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)
Sondagoggend: 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE
Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE
Dinsdae: 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
Woensdae: 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/
booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience
he proves that he believes).

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272
Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim
DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
WOENSDAE:
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening
Dinsdag
09:00 Bloeddrukke
Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
Donderdag
10:00 Sosiale program
Vrydag
09:00 Bybelstudie
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

DIE RUS INGEGAAN

Hendrik Adriaan Vosloo, meer bekend as Hennie, is in die ouderdom van 88 oorlede. Sy diens was waargeneem deur ds Hans van Vuuren te Vegkop Feesterrein op Vrydag, 25 Januarie 2019.

'n Dekade vir "Klub 11"

• *Laurette Naude*

'n Dekade gelede het die gedagte by vriendinne ontstaan om sosiaal saam te verkeer. Die laaste Dinsdag van elke maand het by almal byval gevind, tydens etensuur 13:00 - 14:00, aangesien daar nog werkende dames was.

Aangesien Desember 'n besige maand vir almal is, sluit ons November af met ons kersete wat die hoogtepunt van die jaar is. Aan die begin van die jaar is daar 'n trekking wie gasvrou is watter maand. Die gasvrou se taak is om die vergaderplek te kies. Uitnodigings word dan vroegtydig deur haar uitgestuur, waarop elkeen moet antwoord. Die lede stel die etegeld vas aan die begin van die jaar. Die gasvrou ontvang die gesamentlike bydraes van die lede. Ons stel ons ten doel om gesellig saam te verkeer en deel lief en leed met mekaar. Dit is vir elkeen van die lede 'n hoogtepunt van die maand en daar word baie gelag tydens ons samesyn! Omdat ons 11 lede is, het ons onsself die naam Klub 11 toegedig. Van die 11 lede is ses lede reeds vanaf 2010 saam. Vyf lede het intussen verhuis of weens werkstye onttrek waar daar weer ander bygekom het. Een lid het ons in die 10 jaar ontval, naamlik Bets Heydenreich. Ons eer haar nagedagtenis.

Die afgelope Dinsdag het ons behoorlik verjaarsdag gevier by Monti-Bello Gastehuis. Ons bede is dat ons nog van krag tot krag sal gaan.

Op die foto voor vl: Petro Meintjes, Judy Kemp, Angelique Scheepers, Laurette Naude. Agter vl: Alida Els, Quarta Pretorius, Wendy Roos, Ellen Marais, Rina Groenewald, Magdaleen van Rensburg. Afwesig: Rosa Botes.

	1		4	9		7		
				7		8		6
2	3							
								5
6	9			5			1	7
7								
							9	8
4		5		2				
		1		8	4		7	

SUDOKU *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

Briewe aan:

Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Ebeth Müller van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.

Op navrae van Helene Howell van Huis Bron-van-Heil, geskrywe aan die redakteur in die Heilbron Herald, 18 Januarie 2019. Die tannie in die rystoel wat die mooi notaboekies uitgedeel het aan die inwoners van Huis Bron-van-Heil is Gerda Naudé van Vanderbijlpark. Sy is die suster van Sally en niggie van Ebeth Müller.

Die volgende skrywe is ontvang van Ebeth Müller van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.

Indien u die skrywer Joseph Renison van die gedig ken kontak my asseblief.

TAGTIG VAN IETS

In tagtig sekondes, ure en dae kan veel gebeur - Nog op jou voete, aan die gesels, dan skielik mense wat treur. Skaars in die graf toegegooi; die grafsteen nog nie voltooi. Grawe maar weer oop ou maat, die tweede soek ook die rusplek in grond en rooi! Die eerste dag sien ek my pa, die ou grysaard wat ween - Ma se graf geblom, gekrans; uit sy bors 'n rou snik en kreun. Tagtig dae later dan volg hy haar - sy glimlag in vrede sal ek nooit vergeet! Kan 'n engel asem haal? Dis my beurt om: "My ou pa, sy ou pa," en Amen daarop te kreet. Ek is half in lewe en half in dood - stilte eensaamheid aleen. Leeg! Bly maar leeg want, in tagtig sekondes van iets is dit dalk ek, of weer 'n ander een!

Geskryf deur: Joseph Renison

Ngwathe MUNICIPALITY

PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF 2019 -2024 VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given, in terms of Section 49 (1) (a)(i) of the Local Government Municipal Property Rates Act No. 6 of 2004 (hereinafter referred to as the "Act"), that the general valuation roll for the financial years 1 July 2019 to 30 June 2024 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys and on website www.ngwathe.gov.za for the period 01 February 2019 to 30 April 2019, Monday to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas;

	PARYS	HEILBRON	VREDEFORT	KOPPIES	EDENVILLE
MUNICIPAL OFFICES IN TOWN	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office
MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP	Customer Care Office: Tumahole	Customer Care Office: Phiritona	Customer Care Office: Mokwallo	Customer Care Office: Kwakwatsi	Customer Care Office: Ngwathe
LIBRARY IN TOWN	Help desk: Parys Library	Help desk: Heilbron Library	Help desk: Vredefort Library	Help desk: Koppies Library	
LIBRARY IN THE TOWNSHIP	Help desk: Thusong and Schonkenville Library	Help desk: Phiritona and Sandersville Library	Help desk: Vredeshoop Library	Help desk: Kwakwatsi Library	Help desk: Ngwathe Library

In terms of Section 49 (1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipality Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from the Valuation Roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all Customer Care Offices during normal office hours upon payment of fee of R 231.00 per objection against Valuation within legislated period which is refundable. The public is hereby notified that all Objections done against Valuation and is after legislated period an amount of R684.00 for 2018/2019 is payable and non-refundable. Thereafter a new rates tariffs for 2019/2020 will be applicable as determined by Council.

The original, correct, completed and signed objection form/s must be returned to or posted to:

Municipal Manager

Ngwathe Local Municipality

Property Valuations

P.O. Box 359
Parys
9585

Alternatively the form/s can be handed in at any Customer Cares Offices. No telephonic, facsimile or e-mail objections will be accepted. Late and incomplete objections will not be considered.

For enquiries lease contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700.

_____
Municipal Manager
B.W KANNEMEYER

Onderwysers hou die doel voor oë

Die matrieks van Hoërskool Heilbron het vir die afgelope 22 jaar 'n 100% slaagsyfer behaal. Daarvoor ontvang ons jaarliks 'n trofee vir deurlopende 100% slaagsyfer. Vir 2018 was Hoërskool Heilbron weereens die enigste skool in Fezile Dabi Distrik wat hierde toekenning ontvang het vir 'n 100% slaagsyfer die afgelope 5 jaar.

Die matriekpersoneel spog met verskeie toekennings omdat hul vakgebied ook hul passie is:

• Mariaan Mouton: 2de Beste in Wiskunde Graad 12 - 100% slaagsyfer, 2de beste in Fisiese Wetenskap Graad 12 - 100% slaagsyfer.

• Magda Kruger: 100% slaagsyfer vir Rekeningkunde Graad 12, 2de in Rekeningkunde.

• Elsabe van der Merwe: 100 % Slaagsyfer, 3de beste in Verbruikerstudies - Graad12.

• Lize-Marie de Witt: 2de Beste in Geografie Graad 12 - 100% slaagsyfer

• Marina van Zyl: 100% slaagsyfer, 2de Beste in Afrikaans Huistaal Graad 12.

• Henriëtte van Rensburg: 100% slaagsyfer in Engels Eerste Addisionele Taal.

• Bertina Janse van Rensburg: 1ste in Wiskundige Geletterdheid - 100% slaagsyfer, 3de beste in Lewenswetenskap - 100% slaagsyfer.

• Ters Janse van Rensburg: 100% in Ingenieurs Grafika en Ontwerp. 20% bo Vrystaat gemiddeld bereik.

• Elmarie Cronje: 100% slaafsyfer, Rekenaarstoepassingstegnologie.

• Mnr. David Knight: 100% slaagsyfer L.O., 100% slaagsyfer, Besigheidstudies.

Bostaande prestasies is behaal in die Fezile Dabi Distrik. Hierdie distrik bestaan uit alle Sasolburg, Kroonstad, Parys, Heilbron, Koppies, Frankfort, Villiers, Tweeling en Viljoenskroon skole.

Op die foto voor vl: Mariaan Mouton, Elmarie Cronje, Magda Kruger, David Knight, Lize-Marie de Witt. Agter vl: Bertina Janse van Rensburg, Marina van Zyl en Elsabe van der Merwe. Heel agter: Ters Janse van Rensburg en Henriëtte van Rensburg.

Toekennings ontvang vir top prestasies

Die onderwysers van Hoërskool Wilgerivier het toekennings ontvang vir top prestasies in die Fezile Dabi streek tydens 2018 se matriek eindeksamen. Op die foto bo voor: Dalene Muller, Monica van Heerden en Leandri van den Berg. Agter: Ben van Coller, Liesl van Coller, Sanri van der Watt, Deon de Jager, Juanita Richter en Marika van der Lingen.

Get 10% OFF
when you spend over R300
on canvas prints

Valentine's Day
Canvas Special

Standard Canvas Prices

200x300mm (A4) - R130
300x400mm (A3) - R190
400x600mm (A2) - R290
600x800mm (A1) - R480

All prices are excluding VAT. R25 Setup Cost for all jobs under R500 (excl.). Offer ends 13 February 2019.

Bring your photos on your USB Stick or E-mail us:
heraldgraphics2@heilbron.co.za

058 852 3033

Heilbron Herald

terugblik

HEILBRON HERALD, VRYDAG 7 OKTOBER 2005 - TIEN WOONSTELLE BY OUETEHUIS
Huis Bron-van-Heil het hierdie jaar tien nuwe woonsteleenhede aangebou. Mnr Johan Neson wat kontrakteur is vir hierdie aanbouing, sê sewe is reeds voltooi en die laaste sal teen middel Desember voltooi wees. Hierdie woonstelle word deur privaat-eienaars opgerig en bestaan uit 'n slaapkamergedeelte, oopplan kombuis-sit-eetkamer en 'n motorhuis.

Beloon jou werknemers

Buffalo Valley Spur in Heilbron gaan van 'n positiewe inisiatief gebruik maak om mense te beloon wat 'n verskil in Heilbron maak. Hierdie inisiatief gaan gepaard gaan met 'n Pizza Bust.

Dit behels dat enige werknemer of werkgewer iemand in die besigheid kan nomineer wat hulle voel beloon moet word, deur vir Edna te skakel by 084 215 2754, voor Dinsdae om 14:00 om die betrokke persoon te nomineer. Sy sal dan die geskikte kandidaat identifiseer en teen Woensdaeoggende vir die gelukkige persoon 'n pizza aflewer.

'n Foto word geneem wat die daaropvolgende week in die Heilbron Herald geplaas word.

Die beplaning is om dit 'n weeklikse instelling te maak. Spur motiveer op die manier werknemers en werkgewers aan om iemand in die besigheid te nomineer wat 'n klap op die skouer verdien.

AfriForum se Reitz-tak beveilig dorp se paaie

Die AfriForum-tak in Reitz het 'n padtekenprojek geloods in 2019. Daar word gefokus op padveiligheid, hoe om dit te verbeter en hoe padtekens in die dorp meer sigbaar gemaak kan word. "Deur middel van die padtekenprojek skep ons onder meer bewusmaking van hoe belangrik padveiligheid is in elke gemeenskap en ons spring self in om ons paaie veiliger te maak," sê Jean Hugo, voorsitter van AfriForum se Reitz-tak. AfriForum skep hoop vir Reitz se inwoners en besoekers deur hierdie projek wat geloods word. Op so 'n manier word mense bewus gemaak van maniere om die omgewing te beveilig. As almal saam staan en help sal enige dorp positief vooruit gaan.

Herald Sport

3.8 Miljoen rondtes Gholf

Kom braai vir die Boere

Dit is al baie gesê dat gholf een van die min sportsoorte is waarin oud en jonk kompeterend teen mekaar kan meeding. Jou voorgee beskerm jou vermoë. Dit is 'n sport wat as medium gebruik word om kliënte te onthaal en dankie te sê. Handicaps Network Africa bestuur die nasionale voorgee stelsel en het ook onlangs die statistiek bekend gemaak oor Gholf in SA.

3 798 036 is die aantal rondtes wat verlede jaar op die voorgee stelsel geregistreer is. Dit is meer as 10 000 rondtes per dag! Dit is ook 'n massiewe 4,6% toename vanaf 2017.

Daar is tans 138 105 geregistreerde gholfspelers op die HNA-stelsel.

Van alle geregistreerde gholfspelers val 29,2% in die 35-49 ouderdomsgroep - die grootste ouderdomskategorie. Die junior gholfspeler kategorie, ouderdomme 0-18, het gestyg van 3,9% tot 4,5%.

85 gholfspelers het in die loop van 2018 minstens 200 tellings ingedien. Die gemiddelde aantal tellings wat per persoon ingeskryf is, is 27,5 - of net meer as twee rondtes per maand.

Ongelooflik, Desember was die gewildste maand vir gholfspelers, met 371 667 tellings ingedien. Volgende was Januarie, gevolg deur Maart en November. Junie (278 264) was die stilste maand vir gholfspelers in Suid-Afrika.

Volgens hul helling- en baangradering is die Links by Fancourt (Black Tees) en die Gary Player Country Club (Red Tees) die twee moeilikste bane in die land vir mans. Die Links het 'n baangradering van 78,9 en 'n helling van 155, terwyl die GPCC 'n baangradering van 78,2 en 'n helling van 155 het.

Vir vroue word Glendower se geelbaan as die moeilikste van almal beskou, met 'n baangradering van 83,0 en 'n hellinggradering van 155.

Die klubkampioenskappe wat die 2de Maart sou plaasvind, is geskuif na die 23ste Maart omrede dit gebots het met die Moederkerk se basaar. Star Slaghuis gaan die dag se pryse borg. Dit sal die klub se 122ste kampioenskap wees, naas Harrismith is Heilbron die ouste baan in die Vrystaat.

Donderweer en reën het verhoed dat spelers Saterdag op Heilbron die tweede nege kon klaarmaak. Johan Weilbach wen met 'n uittel teen Jackie Leonard en John Watson. Hulle het almal op 20 punte geëindig. Daar was ook agt spelers van die klub wat op Petrus Steyn gaan speel het.

Die klub het Senwes se uitdaging aanvaar en ons braai vanaand vir die Boere saam met die weeklikse money draw. Bring jou vleisie saam, daar sal vure, pap en sous wees.

Die draw sal soos gebruiklik teen 7 uur gedoen word. Die geldpot staan op R1 500.

Saterdag is daar gewone spel met 'n bonus bogey kompetisie. Jackie Leonard is aan diens.

Deurnag rolbaltoernooi

En daar gebeur dit toe! 'n Deurnag rolbaltoernooi. "Twee uur in die oggend wonder 'n mens hoekom doen jy dit, teen vieruur besef jy dat êrens hier in die boonste verdieping moet 'n skroef los wees." Tien spanne, 40 spelers, was braaf genoeg om hierdie toernooi aan te durf en met almal wat nodig was om die verversings en etes te bedien was 'n totaal van 50 mense Vrydagaand volstoom aan die gang. Spanne van Kroonstad, Reitz, Frankfort en selfs 'n span van Secunda het deelgeneem en, natuurlik was Heilbron se "jonges" ook sterk verteenwoordig. Daar is baie gelag en grappe gemaak, maar tog was daar deurentyd 'n mate van ernstigheid onder die spelers te bespeur. Petrus Folscher se span van Kroonstad Rolbalklub was die uiteindelike wenner, met die span van Frankfort tweede en Jurie Jonker met sy" gelaaide" span bestaande uit Gustav Booysen, Annelise Rautenbach en Werner Louw was derde.

Baie dankie aan ons borge vir hulle ondersteuning: Spur, Clover, OK, Roos Meubileerders, Spar, Potgieter en Vennote, Veronica Burger asook Koos Bierman vir die skaap wat hy geskenk het. "Sal ons dit weer doen? Ons moet eers uitrus dan sal ons besluit."

Polisiebrokkies

• Verlede week het 'n abattoir in Heilbron onder 'n inbraak deurgeloop, nadat toegang tot die gebou deur die dak verkry is. Daar is net een verdagte op die sekuriteitskameras opgemerk is. Die persoon het volgens wat op die kameras gesien kon word, kommersiële springstof in die sleutelgate van die kluis gedruk om sodoende toegang daartoe te kry. Sy poging het misluk, waarna slegs skade aan die deur van die kluis aangebring is. Die verdagte op die kameras is nog nie geïdentifiseer nie. Verdere ondersoeke sal volg. Inligting van die gemeenskap sal ook waardeer word in hierdie verband.

• Dinsdagoggend om 10:45 het vier persone Boulevard Bottelstoor geroof. Die werknemers is met kabels wasgebind. Die verdagtes het te voet gevlug waarna twee voertuie, onderskeidelik 'n wit Toyota Corolla met 'n FS-registrasienommer en 'n rooi Honda Balade, hulle opgelaai het. Beeldmateriaal is verkry, maar die persone kan nie geïdentifiseer word nie. Enige inligting kan aan die polisie deurgegee word om die saak te bespoedig.

• Die polisie waarsku steeds dat huisinbrake toeneem. 'n Onbekende, middeljarige man is moontlik by die inbrake betrokke. Hy dra truie en 'n hoed wat hy oor sy oë trek om minder sigbaar te wees. Indien hy gewaar word, stel dadelik die polisie in kennis.

DC FASTENERS
Groothandel in:
·boute
·skroewe
·moere
·wassers
-silicone (soudal)
-ketting en vele meer!
Enige grootte
Enige lengte
Enige hoeveelheid
Vir 'n gratis kwotasie en advies, skakel Francios by
066 293 4826 of e-pos:
dcfasteners@gmail.com

JAARPROGRAM : 2019
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
2 FEBRUARIE	PRETSKIET	09:00
16 FEBRUARIE	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
9 MAART	GEWEER INSTEL EN LANG AFSTANDSKIET VIR JAG SEISOEN	09:00
16 MAART	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
13 APRIL	RIEMLAND OPE PRYSSKIET	09:00
25-28 APRIL	HUNTEX	
25 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
1 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
27 JULIE	OVER UNDER SPANSKIET	09:00
17 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
24 AUGUSTUS	BOSVELD OEFENING	09:00
14 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
23 SEPTEMBER	INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN	

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 4 FEBRUARIE 2019
BULTFONTEIN 2- Weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 5 FEBRUARIE 2019
RW VOLSCHENK BOERDERY Staak Melkboerdery Veiling
tesame met KLERKSDORP Weeklikse veiling
28 Jersey koeie
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

STEYNSRUS : CHRIS SWANEPOEL
455 Bonsmaras & 700 Dohne Merino's
11:00, Plaas Goedehoop, Steynsrus
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

WOENSDAG - 6 FEBRUARIE 2019
DEVON : MORGAN BEEF
1257 Skape en 5 Percheron perde
11:00, Plaas Welgevonden, Devon
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

DONDERDAG - 7 FEBRUARIE 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYDAG - 8 FEBRUARIE 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

VREDEFORT - KOPPIES - KROONSTAD : MAKSI MERINO LANDSKAAP
40 Ramme, 55 Stoetooie en 130 kudde ooie
11:00, Verdeeld, Koppies
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID